

Alle Paaie lei na Jesus: Jesus verryk ons siening van bepaalde dinge (2)

Alle Paaie lei na Jesus: Jesus verryk ons siening van bepaalde dinge (2) – Adrio König


11.3.2 Ons verstaan van die Ou Testament (hoofstuk 6)

Die manier waarop ons die Ou Testament lees en verstaan, is ook verryk deur Jesus. Die wyse waarop die vroeë Christene en veral die skrywers van die Nuwe Testament die Ou Testament gebruik het, het ons geleer om nie die Ou Testament “plat” te lees nie, maar bepaalde dinge daarin te soek (hoofstuk 6). Daar is trouens 'n sin waarin hulle eintlik net vir Jesus daarin gesoek het. Wat hulle ons geleer het, was juis dat alle paaie na Jesus lei.

Hulle het ons geleer dat daar nie eintlik net bepaalde profesieë in Jesus vervul is nie, maar dat Hy soos 'n prisma die hele Ou Testament op Homself saamgetrek het. Al die groot figure wat in die toekoms verwag is, profeet, Messias, dienaar, Seun van die mens, is in Hom vervul. Maar veel, veel meer. Hy het 'n nuwe gestalte en betekenis gegee aan al drie die ampte wat bepalend was vir die lewe van die volk, profeet, priester, koning.

Deur dit alles het ons geleer dat daar struktuur is in die Ou Testament, dat dinge onderling met mekaar in verband staan. Dit help ons om samehangend te lees selfs as dit nie oor “voorlopers” van Jesus gaan nie. Om maar net een voorbeeld te gebruik. As ons oor God se skeppingswerk dink, lees ons nie

net een hoofstuk, byvoorbeeld Genesis 1, en bou ons hele siening daarop nie. Ons lees alles oor die skepping, en dan kyk ons of daar dinge is wat duidelik na vore kom en ander wat terloops is. Ons soek tendense en verabsoluteer nie 'n paar dinge wat ons siening van sake ondersteun nie (hoofstuk 4).



Mense wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike geloof. Alle Paaie lei na Jesus (2010) deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n betrokke en uitdagende verduideliking bied van die die middelpunt van ons geloof: Jesus Christus.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za

Skrywer: [Prof Adrio König](#)